
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411


Volgens die Verklarende Woordeboek beteken INTEGRITEIT die volgende: *onkreukbaarheid, onomkoopbaarheid, eerbaarheid, eerlikheid, opregtheid, suiwerheid, onskendbaarheid, ongeskondenheid, volledigheid*, *deugsaamheid*. Dis presies wat God is, daar is by Hom geen sweempie van oneerlikheid of leuens nie, m.a.w. HY IS WAARHEID, en ons as Sy kinders moet nooit twyfel oor Sy karakter en Woord nie.

Deut. 32: 4. ...'n God van trou en sonder onreg, regverdig en reg is Hy.

Jesus Christus was die verpersoonliking van God (hulle is Een) en Hy het gesê: **Ek is die weg en die WAARHEID en die lewe... (Joh. 14. 6)**

Omdat God WAARHEID is, is Sy Woord WAARHEID.

Joh. 17:17: ...U Woord is die WAARHEID. Die Bybel is 'n rekord van God se gesproke Woord en ons kan ons lewe daarop waag. DIT IS DIE WAARHEID. Daar is geen leuens in nie en geen



ONS ONKREUKBARE GOD

weerspreking nie.

Num. 23:19: God is geen man dat Hy sou lieg, of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of speek en dit nie waar maak nie?

Matt. 5. 18: Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

1 Pet. 1:23: ...want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewend Woord van God wat tot in ewigheid bly.

Die Woord van God is die openbaring van die Karakter van God en ons moet dit lees asof ELKE WOORD vir ons persoonlik is: daar is geen valshede in nie, ons kan dit heelhartig vertrou.

2 Pet 1: 21 en 2 Tim. 3: 16 laat ons duidelik verstaan dat God die Heilige Gees Self die skrif "ingegee" (geïnspireer) het. Kyk na die volgende feite: Die Bybel is deur 40 verskillende mense (in verskillende lande) met verskillende kulture, wat mekaar meestal nie geken het nie) geskryf oor 'n periode van 1500 jaar, en daar is nie een weerspreking nie. Dit sou vir die mens onmoontlik wees om te doen, maar God kon dit doen!

God se Woord is al iets in die heelal wat NOOIT VERANDER NIE: die volgende geslagte sal nog dieselfde Bybel hê, en die geslagte daarna, totdat Jesus kom. Mense en dinge verander: God se onfeilbare Woord NOOIT!!

Daar was oor die eeue al geleerde manne wat probeer bewys het dat die Bybel sal misluk en vergaan, maar hulle het! 'n Geleerde ateïs , ene Robert Ingersall het gesê: "Binne 100 jaar sal die Bybel 'n uitgediende en vergete boek wees wat net in Museums aangetref sal word." Een honderd jaar later was Voltaire, 'n beroemde, geleerde ateïs se huis die eiendom van die Geneva Bybelgenootskap en die 92 volumes wat Voltaire se lewenswerk was, is vir 2 dollars verkoop!

Wanneer ons aan God se Woord twyfel, twyfel ons aan Sy Karakter, SY INTEGRITEIT.

In Psl. 138: 2 staan (en ek haal graag aan uit die Engelse King James Bybelvertaling):

"..Volgens die Verklarende Woordeboek beteken INTEGRITEIT die volgende: onkreukbaarheid, onomkoopbaarheid, eerbaarheid, eerlikheid, opregtheid, suiwerheid, onskendbaarheid, ongeskondenheid, volledigheid, deugsaamheid. Dis presies wat God is, daar is by Hom geen sweempie van oneerlikheid of leuens nie, m.a.w. HY IS WAARHEID, en ons as Sy kinders moet nooit twyfel oor Sy karakter en Woord nie.. "

For thou hast magnified thy word above all thy name.

Ek kon nie verstaan hoe God dan Sy Woord bo Sy Naam verhef het nie totdat Hy my die volgende insig hieroor gegee het: Wat gee vir die mens 'n goeie naam? Wanneer

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Ons onkreukbare God)

vertrou mense jou? Wanneer hulle jou woord kan vertrou! M.a.w. jy het 'n goeie naam wanneer jou woord betroubaar is, so jou woord is eintlik bo jou naam. Jou naam is net so goed as wat jou woord is. So is dit ook met God: Sy Woord is betroubaar, foutloos, sonder valshede. Daarom kan Sy Woord vir die mens 'n VASTE ANKER wees, want dit verander nooit: dis WAARHEID.

Terloops, mense wat die flou argument gebruik dat die Bybel homself weerspreek, is gewoonlik mense wat of gebrek aan kennis het van die Bybel of mense wat Skrif uitverband en konteks neem. Dis ook gewoonlik mense wat nie hulle lewe in lyn wil bring met die Bybel se voorskrifte en opdragte nie. Dit is die Heilige Gees wat die Bybel se boodskap aan ons openbaar en Lewend maak, en ek is oortuig uit my eie ondervinding dat voordat ek wedergebore was, was die Bybel 'n dooie letter vir my gewees, maar nou is die Woord Lewendig!

As 'n mens 'n studie maak van profesieë in die Bybel en hoe hulle waar gekom het, soms, soos bereken, met een kans uit 75 miljoen, staan 'n mens oorweldig deur die Grootheid en INTEGRITEIT van God en van Sy WOORD. Wanneer ons die Bybel lees, lees ons beslis nie feeverhale nie, maar *deklarasies van God:* DIE WOORD VAN GOD. Dis die onfeilbare, onwankelbare, onveranderlike Woord – tog vind ons dit soms so moeilik om dit te glo, te vertrou en ons lewenswandel daarop te baseer. Daar is altyd 'n oplossing vir ons probleem – situasie as ons dit in God se Woord soek.

"..Kom in lyn met God se Wil vir jou, volgens Sy Woord, en jy kan met 'n oorwinnende gesindheid uitroep: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee. Begin om jouself te sien soos God van jou praat, en jou lewe gaan verander..."

As God se Woord dus sê DAT JY GENEES IS DEUR JESUS SE WONDE (Jes. 53: 4 en 5, 1, Pet 2: 24) is dit die WAARHEID. GLO dit en tree daarvolgens op! As God se Woord sê dat DAAR NOU GEEN VEROORDELING IS VIR DIE WAT IN CHRISTUS JESUS IS NIE, VIR DIE WAT NIE NA DIE VLEES WANDEL NIE MAAR NA DIE GEES (Rom. 8: 11) is dit die WAARHEID. GLO dit en tree daarvolgens op! Sy Woord sal jou deurdra, want die God Wie se Woord dit is, is ONFEILBAAR en HY VERANDER NOOIT en beloon gehoorsaamheid en geloof.

Wanneer ons besin oor die KRAG VAN GOD moet ons eerstens besef dat Hy ALMAGTIG IS: ONBEPERK IS SY KRAG!

Openb. 19: 6: En ek het iets gehoor soos die stem van n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die ALMAGTIGE, het die koningskap aanvaar.

Let op, hier word die ALMAG van God die fokus – punt van die lofprysing wat opgaan tot Sy eer. Let ook op dat dit lofprysinge soos die *geluid van baie waters en die geluid van sterk donderslae* geklink het. In die hemel klink die lofprysing soos donderslae!

Ps. 62: 12: Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: DAT DIE STERKTE AAN GOD BEHOORT.

God se krag kry Hy van geen ander bron nie: Sy krag is inherent, dis Sy eie, dis deel van Sy Karakter. Dis ONVERANDERLIK en ons kan daarop staatmaak (Heb. 13: 8) Dis baie belangrik dat ons God sal sien as ALMAGTIG, want dan kan ons ook verstaan dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

Mark 10: 27: Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, WANT BY GOD IS ALLE DINGE MOONTLIK.

Hy kan alles doen wat Hy wil, wat binne Sy Wil is. Hy sal egter nooit Sy krag manifesteer as dit nie in lyn is met Sy heilige Wil nie. Daarom sal Hy nie Sy krag gebruik om jou uit 'n probleem situasie te help as jy maar net weer daarna gaan voort leef op 'n goddelose wyse en Hom nie dien nie. As Hy dit sou doen, sou jy dink dat Hy goedkeur wat jy doen. Wanneer jy jou wil in lyn bring met Sy Wil, kan Hy Sy krag gebruik om jou te help. Sy onbeperkte krag sal Hy in werking stel om jou te help as jy binne Sy Wil is, want Sy krag is onder beheer van Sy Wil. (Sy Woord is Sy Wil)

Ek noem net die volgende paar bekende insidente in die Bybel om jou te herinner aan God se krag wat in werking gekom het binne Sy Wil. Die Skepping: die deurtog van die Israeliete deur die Rooi See, manna in die woestyn en water uit 'n rots; die ineenstorting van die mure van Jerigo, die drie vriende van Daniël in Nebukadneser se vuuroond, Abraham en Sara se voortbring van Isak en die opstanding van Jesus Christus.

Ons kan dus sekerlik 'n God wat ALLES kan doen vertrou om Sy Skepping te bewaar en te beskerm!

1 Pet. 1. 5. ...wat in die krag van God bewaar word...

Heb. 1. 3. ...en alle dinge dra deur die Woord van Sy krag...

God se KRAG is 'n definitiewe werklikheid want die voorafgaande teks sê dat ALLE DINGE GEDRA WORD DEUR SY KRAG!

Nog 'n interessante aspek van God se krag is dat daardie krag nou in die Gelowige is. Kyk hierna:

Jes. 11. 2. ...en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en STERKTE (krag), die Gees van kennis en die vrees van die Here. Hier word van Jesus Christus geprofeteer, en van die Heilige Gees gepraat, die Heilige Gees wat in die Gelowige woon omdat hy nou die Tempel van die Heilige Gees is. (1 Kor. 6: 19) Die Groter Een (die Heilige Gees) woon in die Gelowige (1 Joh. 4: 4) Die Gees van KRAG!

Dit is dus nie vir ons nodig om huilend en smekend te bid: "O Here, stort tog U krag op ons uit" nie. Die Woord sê dan ons het God se krag: DIT IS REEDS IN ONS. Dieselfde Heilige Gees wat in Jesus Christus was is in JOU as jy 'n Wedergebore Gelowige is volgens die Woord en nie volgens menslike voorskrif en tradisies nie.

Ons behoort aan die Nuwe Verbond en nou woon God nie meer TUSSEN ons soos in die Ou Verbond nie, maar IN ons! Dis omdat die Gelowige hierdie Krag van God in hom het, dat hy soos Paulus kan uitroep: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat**

(Vervolg op Bl. 6)



Believe in order to see

Every blessing in our life comes from Father God, in the name of Jesus, through faith and obedience to His Word. There is nothing clearer in the Bible than this; we must have FAITH (trust) in God and APPLY it! It is clear that man receives from the Lord ACCORDING TO HIS FAITH.

Matt. 9:28-29: **And when He had come into the house, the blind men came to Him. And Jesus said to them, "Do you believe that I am able to do this?" They said to Him, "Yes, Lord".**

Mark 9:23: **Jesus said to him, "If you can believe, all things are possible to him who believes."**

Mark 11:22-23: **So Jesus answered and said to them, Have faith in God. For assuredly, I say unto you, whoever says to this mountain, Be removed and be cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says.** (I believe that mountain can be that massive problem in your life)

Heb. 11:6: **But without faith it is impossible to please Him, for he who comes to God must believe that He is, and that He is a rewarder of those who diligently seek Him.** The Bible is clear on the fact that we please God by displaying our faith in Him and His ability, and conversely we grieve the heart of Father God when we display a lack of faith. Heb. 11:6 tells us that without faith it is impossible to please God and that God is a rewarder of those who diligently seek Him. Jesus always commended those who came to Him in faith when requesting healing. He would say, "your faith has made you whole" or "according to your faith so be it unto you." And yet we often come to our Heavenly Father with doubt in our heart, saying: "Heavenly Father, I know that You love me, because You sent Jesus, Your only Begotten Son, who paid for my sin on the Cross, and you bless and provide for me every day, yet I do not have enough faith or trust to believe that You will heal this illness."

"..Every blessing in our life comes from Father God, in the name of Jesus, through faith and obedience to His Word. There is nothing clearer in the Bible than this; we must have FAITH (trust) in God and APPLY it! It is clear that man receives from the Lord ACCORDING TO HIS FAITH..."

This says one thing to me, that the person who prays in this manner does not have an intimate, personal relationship with his Heavenly Father!

In **1 Tim. 1:19 we read: "Holding faith and a good conscience, which some having put away concerning faith have made shipwreck."** The amplified bible says: **"Keeping fast hold on faith (that leaning of the entire human personality on God in absolute trust and confidence) and a good, (clear) conscience. By rejecting and thrusting from them (their conscience), some individuals have made shipwreck of their faith"** The portion in brackets is such an excellent description of strong faith in God: **the leaning of the entire human personality on God in absolute trust and confidence**. When we maintain that kind of relationship with our Heavenly Father, there will definitely be no room at all for any doubt whatsoever! No one who really knows Jesus intimately, can ever doubt Him.

Another interesting scripture concerning faith is found in Rom 12:3: **For I say, through the grace given unto me, to every man that is among you, not to think of himself more highly than he ought to think; but to think soberly, according as God hath dealt to every man the measure of faith.**

Everyone who is born again through having accepted Jesus Christ as their personal Saviour and Lord, has a God given measure of faith, but this faith is actually like a seed which has to be fed and watered with the Word of God so that it can grow big and strong, for us to really be able to trust God fully. Once again emphasis is laid on the knowledge of the Word by which we build our relationship with our Heavenly Father, and by which faith increases.

The most well known scripture in the Bible concerning faith is probably Heb.11:1: **Now faith is the substance of things hoped for, the evidence of things not seen.**

Let us consider what this verse is saying. In the amplified bible it is expounded thus: **Now faith is the assurance (the confirmation, the title-deed) of the things (we) hope for, being the proof of things (we) do not see and the conviction of their reality – faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses.**

Here God teaches us that faith gives substance to the things which we hope for – it is proof of things we do not see. When we see with our physical eyes the manifestation of the things we have asked for, we do not need to have faith any more! 2 Cor. 5:7 says: **For we walk by faith, not by sight.**

What does this mean in practise? How should we behave once we have asked our Heavenly Father for something, and are wait-

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Believe in order to..)
ing and believing for the manifestation to take place? It is actually very simple and I will explain by using an illustration. Let's say I phoned you to say that I had sent you a box of orchids by train, and asked if it would be possible for you to collect them at the station the next morning. Your first reaction would be one of joy and gratitude and you would most probably thank me most profusely for such a wonderful gift. Remember that you have not yet laid eyes on the box of orchids, nor have you seen it's contents, but my word has been sufficient for you to react with jubilation, thanks and excitement! As you put down the phone, you start planning what to do with all the orchids that are on their way. A wonderful arrangement in the lounge, one on the mantelpiece, in the family room and of course some for Gran and your neighbour. How thrilled they will be. You thanked me as if you already had the flowers and made plans for their distribution – even before you had seen them! THAT'S FAITH – but in the word of a person. I am a fallible man and I could lie. God gives us His Word and His wonderful promises and He is not a man that He should lie, the scripture tells us in Numbers 23:19. Therefore if we ask Him for something according to His Will, according to a promise He has already given us in His Word, we need to react AS IF WE KNOW THAT IT IS ON IT'S WAY – THAT IS IF YOU BELIEVE HIM!

Begin by thanking Him for it and praising Him for His goodness in making it possible for you to receive it, even though you have not yet SEEN IT!

Let's use a case of physical healing. You may have been suffering from sinus headaches for ages, and a believer prays for you with the laying on of hands. After prayer you still have the headache, but you know that the Lord Jesus tells us in Mark 11:24: **Therefore I say unto you, what things soever ye desire, <u>when ye pray, believe</u> that ye receive them, and ye <u>shall have</u> them.**

You must BELIEVE when you <u>pray</u> – NOT WHEN YOU RECEIVE BUT WHEN YOU PRAY! THAT'S FAITH. You don't need faith when you receive, you need faith/trust when you pray! So you TRUST GOD FOR HIS HEALING THEN AND THERE and begin to thank Him for your healing regardless of any pain you may feel! You do not have to lie about it and say that there is no more pain when you can still feel it, but you can say: Thank you Lord for Your promise in Mark 16 that says "Those who believe shall lay hands on the sick and they **<u>shall recover</u>**. I believe Lord, and I thank you that I am recovering according to Your Word and promise. I expect to recover and the pain to go, because Your Word is forever established and I can trust You completely. By the wounds of Jesus I am healed." (1 Pet. 2:24) We do not walk by sight, but by Faith in God and His Word. Continue to thank and praise the Lord for your healing, and your complete healing will follow.

Once again take note of Mark 11:24: **Therefore I say unto you, what things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.**

By believing that you have received from the Lord WHEN YOU PRAY, and then thanking Him and praising Him UNTIL your answer to prayer comes to pass, is TRUE FAITH and TRUST, because you BELIEVE although you have not yet seen! In the world they say "Seeing is believing", but God says, "If you believe, you will see."

In Rom. 12:3 we read: **For I say, through the grace given unto me, to every man that is among you, not to think of himself more highly than he ought to think; but to think soberly, according as God hath dealt to every man THE MEASURE OF FAITH.**

The way in which our Heavenly Father actuates this "God-given-faith" in us, is through His Living Word – the Bible. It is after all through His Word that we realised we were sinners in need of a Saviour, and that God loves us with an everlasting love that leads us to repentance. The Bible is God's chosen method, and there is no other way to obtain faith in Him.

Paul is writing to the Church of Rome, the Body of Christ. If you are a member of His Body here on earth, you have "the measure of faith", just as does every other child of God. Remember, God does not have favourites, and because of this He gives to each one of us an equal measure of faith. This faith is a gift of God to you and to me. In Eph. 2:8-9: **For by grace are ye saved through faith; and that not of yourselves: it is the gift of God.** God actually gives the measure of faith by which we can believe for our salvation!, but you have to work at it as an athlete trains towards perfection.

The way in which our Heavenly Father actuates this "God-given-faith" in us, is through His Living Word – the Bible. It is after all through His Word that we realised we were sinners in need of a Saviour, and that God loves us with an everlasting love that leads us to repentance. The Bible is God's chosen method, and there is no other way to obtain faith in Him.

Let us look once again at Rom. 10:17: **So then faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God.**

That is why it is of the utmost importance that the true Word of God is read and preached in our places of worship, and by ourselves, and not man made doctrines. It is only by God's Word that our faith is fed and will grow. You know from experience what takes place in most of the churches these days. The minister pacifies his congregation with a message of some vague theology which goes over the heads of most of the congregation, instead of preaching the truth of God's Word concerning sin, repentance, forgiveness, judgement and the love of our Heavenly Father. This is probably why there are so few people actually coming to repentance in our churches, and even fewer growing in the knowledge of the ways and will of our Father God and His Son Jesus Christ. When it comes to Spiritual truths such as the infilling of the Holy Spirit, divine healing, miracles, bible baptism and speaking in tongues, we are often told that it was just for the time of the for-

(Continued on page 8)

ons God van wonderwerke!

Ek wil u vertel van die wonderwerk wat in ons lewe gebeur het. Prys die Heer! 'n Paar weke gelede op 'n Saterdagmiddag het my man, 73 jaar, skielik 'n beroerte gekry terwyl hy besig was om TV te kyk. Hy was onmiddellik verlam aan sy linkerkant. Ons seun en ek het dadelik hom na die hospitaal geneem. Ek het die Sondag 'n faks aan u gestuur om te vra dat u asseblief vir hom sal intree by ons Here, ons Jehova Rapha. Die Maandagaand was hy nog steeds verlam, en kon hy nog steeds nie praat of drink of eet nie. Ek neem aan dat u die Dinsdagoggend tussen 7 en 8 vir hom gebid het, want hy het die Dinsdagoggend geslaap tot 9 uur, en toe hy wakker word was hy volkome genees. Hy kon toe praat, eet en drink ens, wat hy die vorige aand nog glad nie kon doen nie. Dit was absoluut 'n wonderwerk van bo, van die Lewende Jesus wat ons aanbid. Almal kan net sê dat dit 'n wonderwerk was. Ons loof en prys en dank ons Here, ons Jehovah Rapha deurentyd vir Sy liefde en genade. Dankie ook aan julle en seënwense en liefde. Hy het tog daarvoor ook aan die kruis gesterf. Baie, baie dankie.

Mev U Neveling, Bellville

Ek loof en prys die Here se Heilige Naam van ewigheid tot ewigheid, daar is niemand so Heilig soos die Here onse Vader nie. Hy word genoem wonderbaar, raadsman, sterke God en ewige Vader. Hy is goed en getrou en vol liefde. Die Here is so genadig oor ons as huisgesin. Ek het 'n knop in my bors gehad wat kankeragtig was, en sou versprei het deur my liggaam, maar deur vurige gebed van julle het die Here my volkome genees, en die knop is weg, ek is skoon van kanker. Al die lof en eer aan Jesus! Ons is lief vir julle almal daar by die sentrum. Groete.

Mej M Smith, Parys

Dit is met groot vreugde en diepe dankbaarheid teenoor God dat ek vandag aan u kan skryf dat al ons gebede verhoor is. Ons God stel die wat op Hom vertrou nooit teleur nie. Ek het gedurende Maart en April vir u gevra vir voorbidding in verband met die verkoop van ons besigheid, asook my eggenoot en eie gesondheid. Die transaksie is suksesvol afgehandel gedurende Junie en ons is albei GESOND! Ons loof en prys die Here vir al Sy milde seëning. Baie dankie vir u bemoediging en al u gebede vir ons. Seënwense en groete in Jesus.

Mev Y Liversage, Hoedspruit

Wees gegroet in die wonderlike Naam van Jesus. Ek wil net die goeie nuus aan u en u span meedeel. Ek het so twee maande gelede u kantoor geskakel wat, omdat ek 'n heupvervanging moet ondergaan, en die dame met wie ek gepraat het, het gesê dat julle die volgende oggend om sewe uur sou bid.

Op die 23ste Julie, Sondag oggend terwyl ek bedien uit Matt. 12 van vers 18 tot 21 voel ek dat iets gebeur in my, dit is toe dat die Here my volkome genees het. Ek beweeg nou weer soos voorheen, al die pyn en laste het Jesus weereens op Hom geneem.

Baie dankie vir almal wat vir my gebid het, ons bid vir u en u span. Die Here seën julle almal daar by die Sentrum. Groete

Pst. J A Coetzee, Kenhardt

Ek wil julle asseblief saam met my vir Jesus Christus ons enigste Verlosser en God te dank, en alle eer en lofprysing aan Hom bring. Dit is so wonderlik om te weet Groter is Hy wat in ons is, as hy wat in die wêreld is. Ek wil vir die wêreld vertel hoe 'n GROOT GOD ONS IN JESUS CHRISTUS AANBID. Ek het Maandagoggend 28 Augustus om 6.15 ervaar hoe dit voel om gekaap te word. Ons is in 'n ryklub en dit is my beurt om hierdie week van Nigel na Boksburg waar ons werk te ry. Om 6.15 het ek stilgehou by die eerste dame Marita, wat ek moet optel en toe ek haar sien aankom, die deure van my motor ontsluit. Die volgende oomblik gewaar ek iemand by my venster en die eerste gedagte wat by my opkom is: "Wat soek hierdie man?" Eers toe ek die vuurwapen sien het ek besef dit is nou my beurt en gewaar toe dat daar twee van hulle is met vuurwapens. Sy het begin gil en teruggehardloop in haar huis, gelukkig was haar nek nog nie oop nie. Hulle het die Polisie gebel. Die volgende oomblik het hy my deur oopgeruk en vir my beveel om stil te bly – die enigste woorde wat ek kon uitkry was "In the Name of Jesus Christ GO!", hy het toe vir my gesê: "I'm going to shoot you", en die wapen op my gerig, weer het ek vir hom gesê: "In the Name of Jesus Christ GO!"

Hy het my toe uit die motor probeer ruk en die sleutels by my probeer afneem, ek het hom toe geskop en hy het my deur my gesig geklap en al wat ek vir om bly sê is: "In the Name of Jesus Christ Go!" Na 'n verdere worsteling en seker omtrent ses of sewe keer wat ek hom in die Naam van Jesus Christus beveel het om te gaan, het hy die geveg gewonne gegee en in 'n wit Golf wat agter my gestaan het, geklim en vertrek met vier van hulle in die motor. Dit is die ergste maar tog wonderlikste ervaring wat ek nog in my lewe gehad het, want ek het eerstehands ervaar hoe groot onse God, Jesus Christus is. Ons moet net altyd besef dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose geeste en as Kinders van God, ons in die Naam van Jesus Christus wie se Naam hoër is as enige ander Naam, en deur die Bloed van Jesus Christus, ons geestelike wapens tot ons beskikking het. Ons moet dit net gebruik tot Sy Eer. Prys die Here! Halleluja Prys die Here, Sy Goedertierenheid is tot in alle Ewigheid.

Mev E Kruger, Boksburg

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus, en ons het baie goeie nuus om julle te vertel. 'n Week gelede het ons 'n faks gestuur en gevra dat u sal bid vir Jaco se oë. Die gloukoom het drukking veroorsaak en hulle wou opereer om die drukking te verminder. Die een oog se drukking was 40 en die ander 21. Vandag was hy weer vir 'n ondersoek en al twee oë se drukking was 14. Die dokter sê dit is nie meer nodig vir 'n operasie nie, en hulle is baie tevrede. Ons gee al die eer aan ons Hemelse Vader want by Hom is alles moontlik. Ons dank aan julle vir die voorbidding. Baie liefde groete.

Mienie en Jaco, Tiegerspoort

(Vervolg vanaf Bl.2 - Ons Onkreukbare God)

my KRAG gee (Filip 4. 13)

As jy nou rondloop en klaend is met die woorde: "Ek kan nie dit doen nie en ek sal daardie nooit regkry nie. My werk kan ek nie behartig nie, en ek sal nooit die eksamen slaag nie," sê jy eintlik (as jy Sy Kind is) dat God 'n leuenaar is! DINK 'n BIETJIE HIEROOR NA – dis baie belangrik. Dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het is IN JOU (Ef. 1: 19 en 20) Die Bybel sê dit, en God kan nie lieg nie!

Dink jy nie dit het tyd geword dat jy hierdie waarheid in jou gees in neem en daarvolgens begin lewe nie? Hierdie KRAG VAN GOD IN JOU is ook nie eers vir die Hiernamaals nie, dis vir NOU.

1 Joh. 4: 17: ...want soos Hy (Jesus) is, is ons ook in HIERDIE WêRELD.

Hou egter in gedagte dat God se Krag (ook in jou) altyd in lyn manifesteer met Sy Wil, m.a.w. jy kan nie nou bv. Sommer jou koffietafel in 'n stuk goud verander nie! Kom in lyn met God se Wil vir jou, volgens Sy Woord, en jy kan met 'n oorwinnende gesindheid uitroep: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.** Begin om jouself te sien soos God van jou praat, en jou lewe gaan verander.

Dit is ook waar dat baie mense al hierdie Krag van God misbruik het vir eie gewin en gewildheid, en oneer oor die Naam van God gebring het. Dis egter tussen hulle en God. Laat ons egter nie dat satan ons beroof van dit wat God se Krag in ons lewens kan vermag deur ons onkunde en traagheid nie.

Kol. 1: 9 – 11: Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy Wil in alle wysheid en geestelike insig sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei,

En MET ALLE KRAG BEKRAGTIG word volgens die mag van Sy (Jesus) heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap,

Nou is die belangrike vraag nog: *hoe kry ek hierdie Krag van God om in my lewe te werk?*

Die antwoord: GELOOF en Gehoorsaamheid aan Sy Woord!

Ons het in Mark 10: 27 gelees dat **by God alle dinge moontlik** groot deel van die kerk glo nie eers in Goddelike genesing nie, en is, m.a.w. niks is by Hom onmoontlik nie.

In Mark 9: 23: lees ons die volgende: ...**alle dinge is moontlik vir die een wat glo.** (Om te GLO is om OP TE TREE: AKSIE).

Dit gaan dus nie daarom of God KAN nie, maar of JY GLO: dan word God se Krag in jou lewe vrygestel. Geloof plaas jou op die vlak van God, want deur te GLO funksioneer jy soos Hy, en dinge gebeur!

Kyk maar weer 'n slaggie na Heb. 11 – die groot "geloof" – hoofstuk in die Bybel. Keer op keer lees ons daar: **Deur die geloof**... (deur te GLO)

Hierdie geloofshelde se GELOOF het

"...Dit gaan dus nie daarom of God KAN nie, maar of JY GLO: dan word God se Krag in jou lewe vrygestel. Geloof plaas jou op die vlak van God, want deur te GLO funksioneer jy soos Hy, en dinge gebeur!..."

God se Krag in hulle lewens in werking gestel. GELOOF is GEHOORSAAMHEID: AKSIE. Wanneer jy God GLO deur TE DOEN wat Hy sê, is daar geen perke aan wat God se Krag in jou lewe kan vermag nie. (Let op: geloof is nie om te sê **Here! Here!** en ongehoorsaam te bly aan die Bybel se opdragte nie – dis huigelary en baie gevaarlik!)

Dis hierdie soort van GELOOF (gehoorsaamheid aan God deur optrede) wat 'n droë pad deur die Rooi see gemaak het, wat die mure van Jerigo laat tuimel het, wat die verouderde Sara laat swanger word het.

Ten slotte 'n tweede antwoord op die vraag: *hoe kry ek hierdie Krag van God om in my lewe te werk?* En nou wil ek spesifiek na die saak van samestemming soos ons daarvan lees in Matt. 18: 19 en 20.

Weer sê Ek vir julle; As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.

Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde.

Die term *saamstem* wat hier gebruik word is dieselfde as *harmoniseer, 'n simfonie maak, saam klink.*

Hierdie samestemming geld veral in die Liggaam van Christus (die Kerk), en dan ook in die huwelik. Ons sien nie meer wonderwerke in die kerk nie, want die samestemming ontbreek – 'n baie groot deel van die kerk glo nie eers in Goddelike genesing nie, en nou kom die **krag van ongeloof** in werking. Dink maar aan Jesus toe Hy in Nasaret was: Hy kon daar geen wonderwerke doen nie want die *krag van ongeloof* was in werking. So is die kerk vandag nie in samestemming met God nie en nie met mekaar nie.

Dink aan harmoniseer, 'n simfonie maak, saam speel en klanke maak – dit hou alles verband met 'n orkes: verskillende klanke wat soos een klank klink. Toe die musikante op hierdie wyse opgetree het by die opening van Salomo se tempel het die Heerlikheid van God neergedaal sodat selfs die priesters nie kon bly staan nie! (Terloops, dis hoe die musikante in ons kerkbyeenkomste ons behoort te lei tot by God se Genade troon met lofprysinge) As ons so harmoniseer in samestemming oor sake in die Liggaam van Christus sal God se Krag manifesteer. Stel jou voor die Krag as bv. 500 gelowiges saamstem voor God.

Die huwelik is ook 'n verhouding waar God se Krag grootliks sal in werking kom as 'n man en vrou saamstem, sonder stryery en verdeeldheid – hierdeur word hulle gebede verhinder (1 Pet. 3. 7) Wanneer ek praat van samestemming, veral in die huwelik, bedoel ek nie 'n verstandelike ooreenstem nie, maar 'n samestemming van hart, van gees. Dit help nie vir 'n vrou om met haar mond saam met haar man te stem en in die stilligheid op haar tande te kners nie – 'n eenheid van harte is nodig DAN DOEN GOD SE KRAG GROOT DINGE IN SO 'n EGPAAR SE HUWELIK, HUISHOUDING en GESIN. Die Bybel sê een laat 1000 vlug, maar twee 10, 000! Werk hieraan –



uit Dr James se kantoor

Geliefdes,

Dit was met groot hartseer dat ek `n brief, wat onlangs deur iemand aan my gestuur is, gelees het en waar dit geëindig het met: "Ek lees in die Bybel dat ons met 'n doel op die aarde is, maar as mense voel soos ek, wat is die doel?" My hart breek wanneer ek dink dat daar dalk nog baie kosbare mense is wat dieselfde voel. Hierdie persoon het hulle pynlike been beproewing beskryf en gesê dat die dokters sê dat dit oorerflik is, ongeneesbaar en dat die bloed en suurstof toevoer na die brein met tyd afgesny sal word!! Die doodstraf is uitgespreek en is geglo en ontvang. Onkundig van wat die Woord van God te sê het aangaande die toestand, en onkundig oor die erfenis wat die gelowige in Jesus Christus het, deur die prys wat Jesus aan die kruis betaal het vir ons genesing en verlossing, hierdie persoon is `n maklike teiken vir die duiwel se aanvalle en leuens, as gevolg van 'n gebrek aangaande God se Woord.

Dit is waarom dit so uiters belangrik is dat ons weet wat God se Woord aangaande genesing sê, en dat ons kies om te glo wat Hy sê, en Hom vertrou om dit in ons lewens te volbring. As ons nie op Sy Woord reageer, wanneer die storms van die lewe kom nie, sal ons ineenstort onder die duiwel se aanval!! Hy sal veroorsaak dat ons sal wil opgee, selfs om dit alles te "beëindig", as gevolg van geen hoop vir die toekoms, deur wat sy leuens in ons lewens sal voortbring. Ons kry ons krag en oorwinning deur Sy Woord te ken (wat Sy wil is), dit te glo en op te tree volgens daardie geloof!! Die duiwel kan nie maklik `n gelowige, wat weet wie hy is en wat hy in Christus het, mislei of intimideer nie, `n Gelowige wat weet wat hy geërf het omdat Jesus die prys aan die kruis betaal het! `n Gelowige wat weet dat hy weet dat deur Jesus se wonde genesing vir hom verkry is, en dat deur die Bloed van Jesus, verlossing en die ewige lewe syne is deur geloof in God se onfeilbare Woord.

Wanneer ons, as gelowiges die waarheid van hierdie kennis van Sy Woord uitleef, word ons `n getuienis van ons Lewende Verlosser. Dan is ons werklik die sout van die aarde, en die lig van hierdie wêreld. Om terug te keer na die vraag wat in die brief aan my gestel is, is dit die antwoord. Ons doel hier op aarde is om ambassadeurs van die Hemel te wees. Om sout vir `n bedorwe wêreld te wees, en om lig te bring na sy duisternis. Ons doel is om in gehoorsaamheid aan God se Woord te lewe en elke dag meer soos Jesus te word, die toetse en beproewings te slaag wat elke dag oor ons pad kom, wetende dat as God vir ons is, wie kan teen ons wees! Wetende dat ons meer as oorwinnaars is deur Jesus Christus ons Here. Wetende dat ons alle dinge deur Christus kan doen wat vir ons gesterf het, en Sy lewe vir ons gegee het, maak nie saak wat teen ons kom nie, ons kan in alle omstandighede seëvier omdat Jesus die prys betaal het en die weg gebaan het vir ons om dit te kan doen! Om dan hierdie kennis te hê, is ons doel om te gaan en andere die goeie nuus te leer wat ons weet aangaande Jesus, ons Verlosser, ons verrese Here.

God sê in Hosea 4:6: " My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis van My en My Woord. Ek het hulle die kennis gegee maar hulle het nie moeite gedoen om dit te lees of daarop te reageer nie, en dit is waarom hulle te gronde gaan" (my parafrase). Jesus het meegevoel gehad toe Hy die mense soos skape sonder `n herder gesien het, en ek kan dit verstaan, want dit is soos ek dikwels voel, veral in gevalle soos die skrywer van die brief wat ek ontvang het, maar die mense in Jesus se tyd het nie toegang gehad tot die volledige Woord van God nie, of die inwonende Heilige Gees om hulle in die volle waarheid te lei nie – soos ons vandag het. Daarom is daar geen verskonings om onkundig te bly nie.

Inderwaarheid behoort die twee artikels in hierdie maand se nuusbrief jou te stimuleer om weereens jou volle vertroue in Hom te plaas, en te glo dat alle dinge moontlik is vir die wat glo (Mark. 9:23), want ons Hemelse Vader is `n wonderwerkende God, en ons doel is om Hom en Sy Seun Jesus Christus ons Verlosser aan die wêreld te verkondig.

Wees verseker van ons gebede, ons liefde en ons altyd teenwoordige dankbaarheid vir alles wat julle vir ons beteken en vir ons doen, soos vir die Here Jesus Christus.

Baie liefde groete

Dr James

New tapes available

THE PASSWORD TO HEAVEN
by Dr James van Zyl

GOD'S GREATEST GIFT & EXPECTATION
by Dr James van Zyl

Tapes @ R10ea—also available on CD @ R20ea

SPESIALE WOORD VAN DANK

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.
Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

(Continued from page 4—Believe in order…)
mation of the "early church" and is no longer applicable for today. It is amazing how many people believe this lie when it is told to them from the pulpit and sadly the result is that many of them do not get victory in their lives because they are not being built up in their faith nor are they being enlightened through the Word of God.

The entire Bible is still relevant for today, so be sure not to be taken in by this contemporary error. Father God desires to have fellowship with His children on a daily basis and give them 'good gifts', just as He also gives Spiritual gifts to His Body to encourage and establish it. This truth is certainly still for today and there is no place in the Bible where it suggests that miracles (and the other Spiritual gifts) have ceased or existed only for a certain period of time.

Rom. 10:8: **But what saith it? The Word is nigh thee, even in thy mouth, and in thy heart: that is, the Word of faith, which we preach.**

God is telling us here, that His Word is in our heart and in our mouth! Out of the abundance of the heart, the mouth speaketh! This is why we must have God's Word in our heart, in fact our heart must be saturated with the Word of God, and then it will come forth from our mouth and will be the Word of Faith! In Mark 11:23 Jesus says: **..... whoever says to this mountain, 'Be removed and be cast into the sea,' and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says.**

Rom. 10:9-10: **That if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised him from the dead, thou shalt be saved. For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation.**

In these two verses of scripture God shows us very clearly that the confession of our mouth is part of our conversion and salvation, because we believe that Jesus was raised from the dead and we confess Him as Lord. This is exactly why there can be no secret believers in the Lord Jesus as Saviour, because we must TELL what the conviction in our heart is concerning Jesus Christ, the Son of God. Matt. 10:32 tells us: **Therefore whoever confesses me before men, him will I also confess before My Father who is in heaven.**

This instruction which God has proclaimed for the saving of our souls, is the key to receiving the blessings of God for every aspect of our life, nl. with your heart you believe and with your mouth you confess. It is with the heart, our inner spirit man, that we believe – believe God's Word, God's promises, NOT WITH OUR INTELLECT OR MIND because our mind is part of the natural man that wants to see before he will believe.

Rom. 10:17: **So then faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God.** □

Rom. 10:9-10: **That if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised him from the dead, thou shalt be saved. For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation.**